# Taffienuus Junie 2023

**Beste Tafelberg- Fotografieklub-lede**

In Mei en Junie het die Kaap binne ’n maand tot 70% van sy jaarlikse reënval gehad. Daar was baie oorstromings en baie mense het skade gelei. Ons harte gaan uit na hulle almal. Ek het op ’n stadium gedink –ons lede gaan baie foto’s van waterstrome en vloede neem en inskryf –(My vrou het gedink -ek is onsensitief om so daarna te kyk) – maar ek dink steeds ’n mens kan van enigiets ’n foto neem wat ’n storie vertel. Ons het die maand ’n heerlike uitstappie na Kalkbaai gehad, maar Dixon wat in Namibië woon, is woestyn toe – Toe wen sy woestynfoto ons Kalkbaai foto’s ! Baie geluk. Lees ook oor ons klubuitstalling.

## 1. Waarom is kalibrasie van jou rekenaar monitor noodsaaklik?

As daar een ding is wat seker is oor foto's op die internet of Zoom, is dit dat niemand presies dieselfde as jy sien nie. Oor die algemeen is die meeste skerms (monitor) te helder, en het ’n standaardkleur waarmee die monitor toegerus word. Sommige monitor/skerms is baie meer akkuraat, ander nie soseer nie. Selfs as jy die duurste en beste skerm het- is dit nooit perfek nie. Namate die monitor ouer word, verander hierdie kleure ook. Dit was meer 'n probleem met ouer gloeilampmonitors, en minder met LED, maar steeds verander hierdie kleure mettertyd.
Daar is ook die kwessie van druk van foto’s. As jy al ooit foto’s uitgedruk het of laat druk, en ontevrede was met die resultaat, kan dit wees dat jou skerm jou mislei as jy redigeer.
Het jy al ooit gewonder-waarom dit wat jy op jou rekenaar skerm sien en dit wat die beoordelaar sien, nie dieselfde is nie? Hulle wys soms daarop dat jou foto oorbelig is, maar op jou skerm is dit vir jou reg. Gewoonlik is dit omdat jou skerm nie gekalibreer is nie. Om suksesvol te wees in enige kompetisie moet jou skerm gekalibreer wees.

Daar is 'n manier om jou skerm op 'n erkende standaard (PSSA) te kry, en dit beteken dat jy weet dat daar 'n goeie erkende standaard kleur en helderheid op jou skerm is. Dit is die kalibrasie van die skerm of monitor.
Om jou foto’s op jou rekenaarskerm te sien soos die beoordelaars dit sien (kleure en exposure) moet jou skerm gekalibreer word. Lees meer daaroor by PSSA se webtuiste.



*Kalibrasie-info is op die PSSA se webtuite . Kyk by : www.pssa.co.za. Onder “ the tab salons/salon calibration chart. look for, and use the calibration images with the guidance of the pdf document.”*

**Ons klub het 'n kalibreer -hulp.** Ons het destyds "Colour-Monkey " aangekoop om klublede te help. Dit is baie eenvoudig om te gebruik. Dit werk ongelukkig net tot by Windows 10 (nie 11 nie). As jy dit wil leen om jou skerm te kalibreer- kontak my asb.

As jy agterkom dat jou kamera se lens kalibrasie probleme het, kan jy gerus die onderste skakel lees. https://www.adobe.com/creativecloud/photography/discover/lens-calibration.html

## 2. Wen-foto's van Junie 2023

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Oryx in Namib at dawn- Dixon Norval Wenner Ope kat. en Maandwenner** | **Huismoles_Adrian v Zyl - Ope Naaswenner** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Captain Bradley Mono- Theo Potgieter- Portret wenner** | **Praying- Mariana Visser- Portret Naaswenner** |
|  | |
| **Vroeg- Frank Smith- Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan ons wenners en ander goeie foto's.** 27 Foto's het welverdiende goud en meriete toekennings ontvang. Daar was die maand 52 inskrywings. Kim Stevens van Kaapstad was hierdie maand ons beoordelaar.

Ek moedig lede aan om hulle foto's in te skryf – Dis al hoe jy groei as iemand jou foto evalueer en jy heeltyd probeer beter doen.

## 3. Klub prestasie:

- Philip de Lange het saam met Mariana Visser en Christo Giliomee die nuwe DPSSA (Cls) Honours ontvang! - **Ons is trots op julle**
- **Ons het die volgende uitstekende uitslae van die Nasionale Salonne van PSSA gedurende Mei/Junie ontvang**

| **Salonaanvaardings gedurende Mei/Junie 2023** | | | |
|---|---|---|---|
| | **5th Alberton National Digital Salon - 2023** | | |
| Neels Beyers | | 2 | |
| Andre de Koker | | 1 | |
| Philip de lange | | 2 | |
| Christo Giliomee | 2 meriete plus | 10 | |
| Quintus Heine | | 3 | |
| Dixon Norval | 2 meriete plus | 7 | |
| Theo Potgieter | 3 meriete plus | 4 | |
| Juliana van Dyk | | 2 | |
| Adriaan van Zyl | | 3 | |
| Karen van Zyl | 1 meriete plus | 5 | |
| Mariana Visser | | 2 | |

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie. Julle hou nie net Tafklub se naam hoog nie – maar elkeen reik na die sterre met hulle foto's !!!**

## 4. PSSA- LIDMAATSKAP

Ek herinner almal om hulle PSSA lidmaatskap in Julie te hernu. Dit moet voor einde Julie gedoen word. As lid kry jy goeie afslag vir foto's wat jy vir salonne inskryf. Jy het ook toegang tot al die beskikbare bronne van PSSA. Doen navraag by membership@pssa.co.za . Vir die van julle wat nie lid is van PSSA nie - Oorweeg dit asb. om lid te word.

Nicol du Toit (Wes Kaapse PSSA direkteur) skryf: *There are a few very important deadlines looming at the end of this month (June) and you could benefit from keeping them in mind: you can, for example, earn discounts if you meet some of them, promote your own photography with applying for Honours, or win awards by entering national competitions.*
*PSSA membership fees now become due and if you pay before 31 July you qualify for discounts – 20%. if you are older than 65! See more here [https://pssa.co.za/renew-your-pssa-membership/]. Clubs will also be receiving reminders to pay their R200 annual affiliation fee to continue enjoying all the many benefits of PSSA membership for individuals and clubs.*

## 5. JULIE SE BYEENKOMSTE

- Die volgende vaardigheidsaand is **Dinsdag 11 Julie.** Die onderwerp is "Black and White". Die spreker is Martin Barber.

- Die fotografie uitstappie is **15 Julie na 'n Perdeplaas.** Laat weet vir Juliane as jy wil saamgaan op klub se whatsapp groep
- Die Julie klubkompetisie is **25 Julie** en die sluitingsdatum is **19 Julie. Die beoordelaar is Peter Brandt**

## 6. INTERESSANTE ARTIKELS OOR SWART EN WIT FOTOGRAFIE:

Hier is 'n paar interessante skakels waarna jy kan kyk:

- Beginner gids vir swart en wit fotografie:
  https://petapixel.com/black-and-white-photography-guide/

- Hoe om swart en Wit foto te skep wat uitstaan?
  https://mcpactions.com/af/how-to-create-bw-photos-that-stand-out/

## 7. PSSA KONGRES

Die PSSA se kongres is 17-21 September by die ATKV oord in die Drakensberge.(Drakensville). Kyk gerus op die webtuiste wie die sprekers is: https://pssa.co.za/pssa-congress-2023

## 8. ONS KLUB SE FOTO UITSTALLING BY GLEN CARLOU KUNSGALLERY.

**Tussen 9 Julie tot 3 September word ons klub se foto's by Glen Carlou wynplaas se kunsgalery uitgestal. " Glen Carlou Vineyards, Simondium Road, Klapmuts, Western Cape."**

**Dit is 'n baie bekende kunsgalery. Hulle is ook bekend vir die hoë gehalte uitstallings.**
Julle sal onthou dat almal foto's vir die uitstalling kon inskryf. Glen Carlou se kunsgalery het toe slegs 35 van ons foto's uitgesoek wat hulle gaan uitstal tydens die genoemde datums. Hulle ken die behoefte van hulle mark en het foto's daarvolgens gekies.

Dit is 'n eerste uitstalling vir ons by die bekende wynlandgoed se kunsgalery waar ons foto's ook te koop aangebied word. Ons vorige uitstallings was vir jare by Sanlam se kunsgalery en daarna by Fransonette se kunsskool. Kom ons hou duim vas dat die geleentheid goed sal afgaan! Dankie vir almal wat hard gewerk het aan die uitstalling. Ons nooi almal wat kan uit om dit asb by te woon en julle vriende daarvan te vertel. Dis 'n wonderlike geleentheid vir die bekendstelling en bemarking van ons klub.

**Spesiale vermelding**
**Die fotografie-winkel - Orms** het ons baie tegemoet gekom en goeie afslag gegee met die druk van ons uitstalling se foto's. Hulle het Juan se foto's (Ons stal 3 groot foto's van hom uit) gratis gedruk. Gaan ondersteun hulle gerus.

## Ten slotte:

*Onthou: Neem baie foto's !! Om foto's te neem maak van jou 'n dankbare mens. Ons is bevoorreg om die skepping deur 'n lens te bekyk!!!!*

**Vriendelik Groete**

**Quintus**


Juan Venter Digital Photograph (detail - Roosting Secretary Bird)

# Tafelberg Photography Club

**Opening Sunday 9 July 11am**

A group exhibition featuring
digital photographs by club members

**The Gallery @ Glen Carlou**

Contact gallery@glencarlou.co.za for sales & enquiries